

# Die rol van die onderwyser in die Ready Steady Read Write-program

Wordworks se Ready Steady Read Write-program dek verskillende aspekte van geletterdheid: mondelinge taal en woordeskat, lees, geskrewe uitdrukking en letter-, klank- en woordkennis. Die program is tutoraangedrewe en tutors werk een keer per week met spanne van twee kinders. Ons doel is om te verseker dat ons 'n sterk grondslag vir taal en letterdheid lê sodat kinders beter in staat kan wees om aan die vereistes van die klaskamerkurrikulum te voldoen.

Onderwysers speel 'n belangrike rol by die program. Jy kan ons op die volgende maniere help om die program suksesvol te maak:

## Keuring van kinders

Ons het jou hulp nodig om kinders te kies wat daarby sal baat om met tutors te werk. Die Ready Steady Read Write-program werk die beste vir kinders wat oor potensiaal beskik maar sukkel om in die klas by te hou. Hierdie kinders het ondersteuning nodig om hul geletterdheids- en taalvaardighede te bou en te versterk. Kinders met ernstiger leerprobleme sal waarskynlik intensiewer, meer gespesialiseerde ondersteuning van 'n Leerondersteuningsonderwyser nodig hê. Tutors kan nie ondersteuning op hierdie vlak bied nie. Die beste formule is om met kinders met potensiaal te werk want die tutors kan die vordering sien en hulle voel meer selfversekerd oor hul vermoë om die kinders te help.

In Graad R kan alle kinders by die bykomende taal- en geletterdheidsinsette baat.

In Graad Een moet die volgende as 'n riglyn vir die keuring van kinders gebruik word:

- kinders wat nie 'n Graad R-klas bywoon nie
- kinders wat Graad Een met baie min letterkennis of blootstelling aan boeke begin
- kinders vir wie Afrikaans 'n tweede taal is
- kinders wat nie selfvertroue het nie of wat oor hul lees en skryf bekommerd is
- kinders wat met lees en skryf sukkel



## Verhouding tussen onderwyser en tutor

Die tutors kry omvattende opleiding en voortdurende ondersteuning van die perseelkoördineerder. Hulle is egter nie altyd selfversekerd voor onderwysers nie en jy kan hul ondervinding beter maak deur hulle op 'n vriendelike, verwelkomende manier te groet en belangstelling en waardering te toon vir wat hulle doen.

## Onderwysersterugvoering

Tutors waardeer altyd terugvoering van onderwysers, veral as die kinders met wie hulle werk verbetering in die klaskamer toon. Onderwysers se terugvoering aan die koördineers is ook baie waardevol en help die koördineerders om te verseker dat die regte kinders ondersteun word. Die koördineerder is ook die regte persoon om te nader as jy oor enige aspek van die program bekommerd is. Wees altyd versigtig om nie die kind se swak punte in sy/haar teenwoordigheid met die tutor te bespreek nie. Dit kan die kind baie leed aandoen en sy/haar gevoelens seermaak. Indien die kind egter iets positiefs oor hom-/haarself hoor, kan dit hom/haar baie inspireer en bemoedig!

Help asseblief ook die koördineerders en tutors deur hulle voor die tyd van enige veranderings aan die normale onderrigprogram (bv. skooluitstappies en sportdae) te verwittig.